



## Trek koeëls met die "Perfect Bullet Puller"

Vir meeste herlaaiers is dit onvermydelik om die een of ander tyd koeëls te trek. Vir my is dit gewoonlik nie iets waarna ek uitsien nie. Eerstens omdat dit voel dat ek tyd mors om die patrone wat ek met soveel sorg en moeite gelaai het, weer uitmekaar te haal. Tweedens kan die koeël en dop tydens hierdie proses beskadig word.

Meeste van ons ken die kinetiese hammer waarmee koeëls uitgekop word. Indien mens nie baie versigtig hiermee is nie, beskadig die koeël se puntjies wanneer dit tydens die uitkap teen die hammer kop se binnekant stamp, veral met lood puntjies. Verder kan die bokspring van die koeël, wanneer dit die dop verlaat, die dop bek se rand induik en beskadig.



Ons kyk nou na die "Perfect Bullet Puller" apparaat, waarmee die koeël in 'n herlaai pers verwyder word. Hierdie apparaat het 'n Collet houer wat aan alle standaard perse inskroef. 'n Collet pas los binne hierdie houer en is 'n buis waarin 4 gleuwe gesny is, in die deel wat die koeël vasknyp.






Elke kaliber het natuurlik sy eie unieke Collet. Wanneer die apparaat se hefarm afgedruk word en hierdie 4 vingers toedruk, klamp dit om die koeël se skag. Die vasgeklemde koeël word dan met die pers arm uitgetrek.

Gee aandag aan die volgende om die puller maklik, en sonder skade aan jou patrone te gebruik:

- Die Collet moet liggies aan sy buitekant geolie word, maar moet geen olie aan sy binnekant hê nie, anders gaan dit glip en kan dit die koeël nie styf vasklem nie. Verwyder alle olie van die collet se binnekant voor gebruik
- Moet nie puller se hefarm afdruk en die collet toedruk sonder 'n koeël daarin nie. Dit kan die collet beskadig en so jou waarborg kanselleer.
- Gebruik die korrekte collet vir die kaliber. Collets beskikbaar vanaf .22 tot .458.
- Dit is nie nodig om die puller aan die pers vas te skroef nie. Laat dit effe los in 'n posisie waarin die hefarm binne gemaklike bereik is.
- Wees baie versigtig om die collet slegs op die koeël se skag te klamp en glad nie op die dop se bek nie. Anders duik/krimp dit die dop se bek in die koeël se skag in, beskadig beide, en gee 'n resultaat soortgelyk aan Lee se factory krimp matrys. Druk ook die puller se hefarm stewig af om die koeël behoorlik te klamp sodat dit nie oor die koeël wand gly en dit krap nie.



- Onthou om die pers se hefarm **OP** te druk, wat die pers se stang laat **SAK** en so die koeël uittrek. Mens se kop raak partymaal deurmekaar as jy dink dat jy die koeël wil uittrek en jy dan die pers se hefarm wil aftrek om die koeël te trek, wat die natuurlik net koeël dieper in die dop indruk. Kyk weer mooi na foto 3.
- Wanneer die puller se hefarm gelig word en die Collet se vingers oopmaak, laat dit die koeël los. Hou jou hand onder die koeël om dit te vang.



Om die effek van die vasknyp van die collet op harder en sagter koeëls te bepaal, het ek 2 elk van drie verskillende tipes koeëls daarmee getrek.





Die Nosler custom competition skyfskiet koeël het 'n dun koper wand ("jacket"). Soos ver wag het die collet effe meer merke op hierdie sagter koeël gelaat as op sy harder maters. Die merke is egter relatief vlak en nie baie duidelik sigbaar nie. Hierdie merke is baie vlakker of minder as die standaard "cannelure" groefie op baie koeëls. Daarom glo ek nie dat dit 'n effek sal het op die werkverrigting of akkuraatheid van die koeël nie. Sien foto 8. Soos mens meer ondervinding met die puller het sal jy agterkom hoeveel druk om op die collet te plaas om steeds die koeël stewig genoeg vas te klem, sonder om die koeël wand onnodig te beskadig.



Die "Perfect Bullet Puller" kan verskaf word in 'n sy eie pragtige houtkissie. Bestel vir elke kaliber sy eie unieke Collet.



Ek was beïndruk met die bou gehalte en maklike werking van die "Perfect Bullet Puller". Die prys daarvan is ook baie redelik en met die aankoop ondersteun ons boonop plaaslike talent. Ek beveel hierdie apparaat met die grootste vrymoedigheid aan.

**Vir bestellings kontak die vervaardiger, Mauritz Bosman:**

**Tel/Faks (012) 546 4672**

**Sel: 084 461 3421**